10 CLEAN AUDITS SINCE 2010/11
SKOON OUDITS SEDERT 2010/11

SWARTLAND • MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA

*Swartland forward-thinking 2040 - where people can live their dreams!*
*Swartland vooruitdenkend 2040 - waar mense hul drome kan uitleef!*

File ref: 15/3/10-8/Erf_4546

Enquiries:
Mnr HL Olivier

24 Mei 2024

A Botes
Posbus 66
MALMESBURY
7300

**Per registered mail**

Dear Madam

**VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 4546, MALMESBURY**

U aansoek ontvang op 22 Maart 2024 rakende die onderwerp, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om vergunningsgebruik op erf 4546, Malmesbury ingevolge artikel 70 van die Verordening hiermee goedgekeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) Die vergunningsgebruik magtig die bedryf van 'n tuisberoep (skoonheidsalon) vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis (±26m²) soos voorgehou in die aansoek;
(b) die dominante gebruik van die woonhuis voorts vir die bewoning deur 'n enkel-gesin gebruik word;
(c) geen gedeelte van so 'n woonhuis en geen tuisberoep, gebruik word vir die doel van 'n hindernisbedryf, 'n risiko-aktiwiteit of die verkoop van alkoholiese drank nie;
(d) geen goedere wat te koop aangebied word, in die openbaar uitgestal word nie en geen eksterne tekens van 'n tuisberoep sigbaar is van die straat, behalwe 'n reklamebord in ooreenstemming met 1(e);
(e) geen reklamebord vertoon word anders as een onverligte teken of kennisgewing wat nie oor die straat uitsteek nie, en sodanige teken nie 2000cm² in oppervlak oorskry nie en slegs die naam, telefoonnommer en professie of beroep van die bewoner aandui;
(f) minstens 3 op perseel parkeerplekke voorsien word;
(g) geen produkte, goedere, of voorraad wat verband hou met die tuisberoep op die grondeenheid buite 'n gebou gestoor word nie;
(h) nie meer as vier persone in totaal in die tuisberoep-aktiwiteite op 'n grondeenheid betrokke wees nie, insluitend die huisbewoner of—bewoners en enige assistente;
(i) nie meer as een handelsvoertuig met 'n bruto gewig van meer as 10 000kg, vir die tuisberoep gebruik word nie, met dien verstande dat 'n voertuig wat uitsluitlik deur die bewoner vir persoonlike gebruik aangewend word, nie geag sal word 'n handelsvoertuig te wees nie;
(j) die handelsure van die tuisberoep nie buite die ure van Maandag tot Vrydag (08h00 tot 17h30) en Saterdag (08h00 tot 12h00), soos voorgehou in die aansoek, strek nie;
(k) enige nuwe struktuur, of veranderings aan die bestaande woonhuis of buitegeboue, in ooreenstemming is met die residensiële karakter van die betrokke gebied.
(l) Bouplanne wat die tuisberoep aandui, ingedien word vir oorweging en goedkeuring deur die Senior Bestuurder: Ontwikkelingsbestuur;

*Rig asseblief alle korrespondensie aan:*
Die Munisipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

**Tel:** 022 487 9400
**Faks/Fax:** 022 487 9440
**Epos/Email:** swartlandmun@swartland.org.za

*Kindly address all correspondence to:*
The Municipal Manager
Private Bag X52
Malmesbury 7299

**Darling Tel:** 022 492 2237 **Moorreesburg Tel:** 022 433 2246 **Yzerfontein Tel:** 022 451 2366

(m) Die aansoeker / eienaar toesien dat kliente / besoekers op die betrokke eiendom parkeer en dat die bedryf van die tuisberoep nie sal lei tot opeenhoping van verkeer in Cinsautstraat nie;

**2. WATER**

(a) Daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien word nie;

**3. SEWERAGE**

(a) Daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien word nie;

**4. GENERAL**

(a) Die skoonheidsalon is reeds in bedryf en daarom moet daar voldoen word aan alle toepaslike voorwaardes voor 24 Julie 2024. Die nie-voldoening sal Swartland Munisipaliteit noodsaak om voort te gaan met die nodige regsaksie;
(b) Die goedkeuring stel nie die aansoeker vry van die nakoming van alle ander wetlike prosedures, aansoeke en/of goedkeurings wat verband hou met die beoogde grondgebruik, soos vereis deur provinsiale, staats-, semistaatlike en ander statutêre liggame nie;
(c) Die goedkeuring is ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening, geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Alle voorwaardes van goedkeuring nagekom word binne die 5 jaar tydperk en versuim om dit te doen sal lei dat die goedkeuring verval;

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

*Afskrif :* *Boubeheerbeampte*
*Departement Finansieledienste (Vir aandag: Michael Nolan)*
*Departement Siviele Ingenieursdienste*